| | |
|---|---|
| VERSLAGWAARDIG | JA/NEE |
| SIRKULEER ONDER REGTERS | JA/NEE |
| SIRKULEER ONDER LANDDROSTE | JA/NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## *(Noord-Kaapse Afdeling)*

***SAAKNOMMER:208/2004***

***DATUM GELEWER:17-11-2004***

In die saak van:

**DIE STAAT**

teen

**RANDALL VISAGIE**
**JONOTHAN MOGGOT**
**CECIL LOUW**

***Coram: Williams R et Musi WnR***

# *HERSIENINGSUITSPRAAK*

***WILLIAMS R:***

Die drie beskuldigdes in hierdie saak is in die Landdroshof te Britstown skuldig bevind aan diefstal van twee voertuigwiele met wieldoppe ter waarde van R1 200,00 en is as volg gevonnis:

Beskuldigde 1, tot twee jaar gevangenisstraf waarvan ses maande opgeskort is vir ‘n tydperk van vier jaar op sekere voorwaardes;
Beskuldigde 2, tot agtien maande gevangenisstraf waarvan ses maande opgeskort is vir ‘n tydperk van vier jaar onderhewig aan sekere voorwaardes; en

Beskuldigde 3, tot dertig maande gevangenisstraf.

Toe hierdie hiersieningsaak aanvanklik voor Majiedt R dien, het hy die onmiddellike vrylating van Beskuldigde 2, gelas en die landdros versoek om redes te verskaf waarom ‘n korter effektiewe termyn van gevangenisstraf nie vir beskuldigde 1 oorweeg is nie, en waarom ‘n algehele opgeskorte vonnis vir Beskuldigde 2 nie as vanpas beskou is nie.

Ten tye van vonnisoplegging was beskuldigde 1, 19 jaar oud, werkloos, en met een vorige veroordeling vir diefstal waarop hy skuldig bevind is ses maande voor die huidige misdryf gepleeg is.
Beskuldige 2 is 18 jaar oud, ‘n skolier in graad 11 en ‘n eerste oortreder. Beskuldigde 3 is 20 jaar oud, werkloos, en het twee vorige veroordelings, een vir huisbraak met die opset om te steel en diefstal en een vir huisbraak met die opset om te steel.

Voorvonnisverslae is ten opsigte van al drie beskuldigdes aangevra en die proefbeampte wat self ook getuig het, het ten opsigte van beskuldigde 1 ‘n vonnis ooreenkomstig artikel 276(1)h aanbeveel, ‘n opgeskorte vonnis vir beskuldigde 2 en ‘n vonnis ooreenkomstig artikel 276(1)(i) vir beskuldigde 3.

Die vonnis wat beskuldigde 3 opgelê is verg na my mening geen inmenging nie. Hy het in die verlede reeds ‘n opgeskorte vonnis gekry vir huisbraak met die opset om te steel en diefstal wat toe later in werking gestel is na die tweede veroordeling. Volgens die

landdros het hy reeds ‘n periode van vyftien maande in die gevangenis deurgebring voordat hy hom later aan die huidige misdryf skuldiggemaak het. Die vonnis van dertig maande gevangenisstraf wat hy huidiglik opgelê is, is na my mening dus heeltemal vanpas.

Die probleem ontstaan egter ten opsigte van beskuldigdes 1 en 2. Beskuldigde 1 is met sy vorige veroordeling van diefstal ‘n vonnis opgelê van R500,00 of drie maande gevangenisstraf wat ten volle opgeskort is. Die opgeskorte gedeelte van die vonnis mag nou in werking gestel word, maar voor die huidige skuldigbevinding het hy nog nooit gevangesetting as ‘n gevonnisde beleef nie.

Soos die landdros tereg opmerk, neem diefstal vanaf en vanuit motorvoertuie kommerwekkende afmetings aan, wat dikwels lei tot groot ongerief en skade. Tog moet daar ‘n ewewig gehandhaaf word tussen die misdryf, die gemeenskapsgevoel en die persoonlike omstandighede van die beskuldigde. Ek stem saam dat gevangenisstraf nie onvanpas is in die geval van beskuldigde 1, wat reeds ‘n geleentheid gegun was om te besin oor misdadigheid nie. Nietemin is beskuldigde 1 ‘n jeugdige oortreder wat in alle waarskynlikheid nog rehabiliteerbaar is. Ondervinding het ook geleer dat die gevangenisopset, veral vir jeugdiges, meer dikwels dien as ‘n leerskool vir misdadigheid eerder as wat dit rehabilitasiewaarde het.

Ek is van mening dat ‘n korter effektiewe termyn van gevangenisstraf vir beskuldigde 1 van meer waarde en meer gepas is.

Beskuldigde 2 is ‘n algehele eerste oortreder en ‘n persoon wat klaarblyklik begerig is om sy skoolopleiding te voltooi. Hy is ook die jongste van die beskuldigdes. Gevangesetting onder hierdie omstandighede en vir hierdie tipe van misdryf, druis sterk in teen die beginsels van vonnisoplegging.

Dit blyk asof die hoofrede waarom ‘n algehele opgeskorte vonnis vir hierdie beskuldigde nie oorweeg is nie, gegrond is op die ongemotifeerde stelling van die proefbeampte dat beskuldigde 2 blykbaar die *“meersterbrein”* agter die driestuks se negatiewe gedrag is. Hierdie stelling is moeilik versoenbaar met die beskuldigde se skoon rekord en skolastiese vordering, en moes na my mening nie sondermeer as ‘n feit aanvaar word nie. Eerste oortreders, en veral jeugdiges moet sover moontlik uit die gevangenis gehou word en in hierdie besondere geval bestaan daar geen aanvaarbare rede om af te wyk van hierdie algemene beginsel nie.

In die omstandighede word die volgende bevel gemaak.

1. Die skuldigbevindings ten opsigte van al drie beskuldigdes word bekragtig, so ook die vonnis opgelê teen beskuldigde 3.

2. Die vonnisse opgelê teen beskuldigdes 1 en 2 word tersyde gestel en vervang met die volgende:

   “Beskuldige 1 word gevonnis tot twee (2) jaar gevangenisstraf waarvan twaalf (12) maande opgeskort word vir ‘n periode van

vier (4) jaar op voorwaarde dat beskuldigde nie skuldig bevind word aan diefstal of poging tot diefstal gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.

**Beskuldigde 2 word gevonnis tot nege (9) maande gevangenisstraf wat in geheel opgeskort word vir 'n tydperk van vier (4) jaar op voorwaarde dat beskuldigde nie skuldig bevind word aan diefstal of poging tot diefstal gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie."**

C. C. WILLIAMS

REGTER

Ek stem saam.

C. J. MUSI
WAARNEMENDE REGTER